# Prosesvloei: Aanstelling van 'n Hoofdirekteur

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

## RAAD/REKTORAAT

Prosesbestuur: Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB) as die sekretariaat van die SAK

Die Rektor inisieer die aanstellingsproses by die Rektoraat minstens nege (9) maande voordat die huidige posbekleër se termyn verstryk.

Die Raad keur die samestelling van die Senior Aanstellingskomitee (SAK) goed.

MHB is die sameroeper en sekretariaat van die SAK.

## SENIOR AANSTELLINGSKOMITEE (SAK)

Die SAK stel 'n advertensie saam wat die inherente vereistes van die pos, kwalifikasies en ander kriteria uiteensit.

Die SAK stel 'n kortlys saam. Die SAK moet die werwingsproses of 'n deel daarvan herhaal indien daar na die SAK se mening onvoldoende geskikte kandidate is.

Die SAK voer onderhoude; die kandidate lê hulle visie aan die SAK voor.

Bladsy 2

## AFDELING MENSLIKE HULPBRONNE (MHB)

MHB staan die SAK by met die samestelling van die advertensie.

MHB adverteer die pos in die media en verrig strategiese werwing.

MHB moet toesien dat 'n voldoende poel geskikte kandidate aan die SAK voorgelê word.

# Prosesvloei: Aanstelling van 'n Hoofdirekteur

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

| RAAD/REKTORAAT<br>Prosesbestuur: Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB) as die sekretariaat van die SAK | SENIOR AANSTELLINGSKOMITEE (SAK) | AFDELING MENSLIKE HULPBRONNE (MHB) |
|---|---|---|

Bladsy 1

- Die SAK stem oor elke kortlyskandidaat om aanstelbaarheid te bepaal.
- Die SAK kry ook die geleentheid om aan te dui watter een van die aanstelbare kandidate hul voorkeurkandidaat is.

Die SAK neem die finale besluit oor die komitee se voorkeurkandidaat vir die pos by wyse van 'n absolute meerderheidstem (50% + 1) onder die teenwoordige stemgeregtigde lede.

Die SAK maak die aanstelling.

JA

Die SAK rapporteer die besluit aan die Raad via die Registrateurskantoor (Sekretariaat van die Raad).

NEE